MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

MESMAKERS HOU WINTERSKOU

Pretoria, 19 Julie 2012. Verskeie mesmakers hou op 27 en 28 Julie 2012 'n winterskou in die Voortrekkersaal op die piekniekterrein by die Voortrekkermonument. Unieke, handgemaakte messe sal uitgestal word. Uitsonderlike messe, almal met die renoster as tema, sal die aand van 27 Julie opgeveil word. Die opbrengs van die veiling is ten bate van die Pilanesberg Trust.

Die tye is soos volg:

- Vrydag 27 Julie 2012 vanaf 12:00 tot 18:00 (daarna die veiling)
- Saterdag 28 Julie 2012 vanaf 09:00 tot 17:00

Inligting, produkte en toerusting vir mesmakers en voornemende mesmakers sal te koop wees. Daar sal ook twee interessante uitstallings te sien wees: die familie van Harry Wolhuter, een van die eerste wildbewaarders in SA, het sy uitstalling beskikbaar gemaak vir die skou, en 'n uitstalling deur Andrew Jackson – tans Hoof Uitvoerende Beampte van die Pilansberg Natuurlewe Trust, aangaande die bewaring van renosters.

Toegang is R30.00 per volwassene, maar toegang vir pensionarisse en laerskoolkinders is gratis. 'n Terreinfooi van R10 is by die hek betaalbaar ten bate van die Voortrekkermonument. Ligte middagetes, verversings en volop veilige parkering is beskikbaar, asook vermaak vir die jongspan. Braaigeriewe is beskikbaar op die piekniekterrein en besoekers kan sommer die hele dag hier kom uitspan.

Navrae kan gerig word aan Retha Lyon: 082 855 3365, of ptawinterknife@hotmail.co.za) of Robert Botes: robby@worldonline.co.za).

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@voortrekkermon.org.za